

ST. SILVESTER

31 DESEMBER

(sterf 335)

Hy volg pous Melchiades in die jaar 314 op en was dus die eerste pous om die Kerk te lei ná afloop van die godsdienstvryheid wat keiser Konstantyn aan die Christelike geloof verleen het. Hy was dus in staat om die eerste groot kerke in die stad Rome te bou: die basilieke van St. Pieters, St. Paulus en die Basilica Constantiniana, wat later St. Jan van Laterane sou word. Die Lateraanse paleis is aan hom gegee en sou tot die veertiende eeu die amptelike woning van die pouse bly. Hy woon ook die eerste Kerk Konsilie in die jaar 325 in Nicea by.